LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

22-10-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 37 VIR 2018

1 ALGEMENE JAAR- EN BEGROTINGSVERGADERING:

Ons Algemene Jaar- en Begrotingsvergadering waar die skoolgeld vir 2019 vasgestel gaan word, is op Woensdag, 31 Oktober 2018 in die skoolsaal vanaf 18:00. Dagboek asb. hierdie datum sodat al ons ouers teenwoordig kan wees.
Die begroting is ter insae by die skool vanaf 17 Oktober 2018 van 08:00 tot 14:00.
Neem kennis: Hoër Volkskool se Begrotingsvergadering is op Dinsdag, 30 Oktober 2018.

2 MUSIEKFEES:

Baie dankie vir elke leerder, ouer en Volkie Vriend vir u ondersteuning tydens ons Kultuurfees! Dit was voorwaar twee besonderse geleenthede!

3 KORE:

Daar is geen Junior- of Seniorkooroefening vir die res van die jaar nie! Baie dankie vir 'n suksesvolle 2018!

4 ATLETIEK:

Ons huissport vind plaas op 25 Oktober 2018 vanaf 13:15 tot 17:30 op Hoër Volkskool se velde en daarom verdaag die skool om 12:30.

Reëlings:

- ☺ Daar sal toesig wees by die skool tot 13:45 vir dié leerders wat nie saam gaan Hoër Volkskool toe nie.
- ☺ Leerders wat 'n vervoerprobleem het na Hoër Volkskool, moet asb. die onderstaande skeurstrokie voltooi.
- ☺ Leerders neem deel in die ouderdomsgroep soos in 2018.
- ☺ 0/9 leerders neem wel deel aan al die veld- en baanitems soos in 2019 (sien program).
- ☺ Atlete neem deel in Volkie- of skool-atletiekdrag.
- ☺ Atlete en ondersteuners se ouers moet hulle asb. self weer by Hoër Volkskool kom afhaal om 17:30.

5 SPREEKKOOR:

Die spreekkoor is afgehandel vir die res van die jaar! Baie dankie vir elkeen se getroue oefening!

6 BEKRONINGSFUNKSIE - BUITE SKOOL ERKENNING:

Alle leerders wat aan sport buite skoolverband deelgeneem het moet so spoedig moontlik hulle dokumentasie inhandig by Mev. Driena Spykerman of Mev. Sanet Strydom. Leerders moes 'n Podium plek op SA kampioenskappe behaal het, om in aanmerking te kom vir 'n spesiale vermelding by die Bekroningsfunksies.
Rig u aansoek asb. direk aan Juf. Driena Spykerman voor 25 Oktober 2018.

7 SWEM:

Daar is swemoefening by Hoër Volkskool op Dinsdag en Donderdag vanaf 15:00 - 16:00.
Al die 1ste tot 4de plekke moet gaan oefen.
Belangrike datums:
24 Oktober se gala is by St. Dunstan's College.
31 Oktober se gala is by Martin's School.
8 November se Interlaer gala is by Boksburg Noord.

8 HARTKLOP:

Ons vra GROOT ASSEBLIEF vir u oortollige plastieksakke (bv. Pick & Pay) vir ons Hartklop projek.

9 OORTOLLIGE KLERE:

Ons versoek u vriendelik om asseblief die te klein Volkiedrag wat nie deur 'n ander boetie of sussie gedra gaan word nie en nog mooi lyk, vir ons te skenk. Daar is 'n groot behoefte in ons klerebank.

10 SKAAK:

Op 23 November 2018 om 14:00 is daar by Hoër Volkskool se koshuis studiesaal 'n skaak-kuier vir al die laerskoolspelers. Indien enige speler belangstel, moet hulle net hul name vir Juf. Ronelle Terblanche gaan opgee.

11 TOUTREK:

Oefening is vir alle belangstellendes, op Dinsdag, 23 Oktober vanaf 15:00 tot 16:00 op die rugbyveld.

12 DISKONTO-BOEKE:

Diskonto-boeke hou weer 'n uitstalling in die mediasentrum vanaf 22 -24 Oktober 2018 vanaf 09:00 tot 15:00. Op 24 Oktober is die uitstalling net tot 13:00.

13 PUBLIC SPEAKING:

Die "Public speaking" is 24 Oktober 2018 stiptelik om 18:00.
Gr. 1-3: Skoolsaal; Gr. 4 & 5: Mediasentrum; Gr. 6 & 7: Juf. Annatjie se klas
Leerders trek netjiese skooldrag aan en sal na afloop van die aand 'n sertifikaat ontvang

14 VOLKIE VERE:

- Net 'n vriendelike kennisgewing: Volkie Vere se pryse gaan vanaf 1 Januarie 2019 styg met 10%.
- Die winkel sal oop wees tot 14 Desember 2018 net tot 13:00.
- Volkie Vere heropen weer op Saterdag, 5 Januarie 2019 vanaf 08:00 tot 13:00.

15 DIAMANTE EN GOUD:

Ons wil as skool vir Mev. Melinda v/d Merwe en haar span van Diamante en Goud, baie dankie sê vir hulle liefdadigheidsdiens om ons dorp en in besonder die sypaadjies rondom ons skool so mooi te maak.

Leerders word vriendelik, dog dringend versoek om asb. nie die plantjies te verniel of uit te trek nie. Dis net goeie maniere en 'n teken van respek!

16 HAWELOSES/BOEMELAARS:

Soos u kan sien is hier 'n redelike klomp haweloses of boemelaars in ons dorp. U word vriendelik maar baie dringend versoek om hulle nie te ondersteun waarmee ookal nie omrede hulle, dit wat hulle kry, gaan verkoop vir dwelms. Hierdie is 'n versoek van die GPF en Polisie.

17 KASKAR:

Ons hou 'n groot kaskardag op Vrydag, 9 November 2018 in skooltyd. Leerders sal lyste ontvang en verdere inligting volg later.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF

✂==========

SKEURSTROKIE VIR ATLETIEK - HUISSPORT - 25 OKTOBER 2018

Hiermee gee ek, _____ ouer van _____
in Graad _____ toestemming dat my kind:

- □ aan die Huissport op 25 Oktober 2018 vanaf 13:15 tot 17:30 te Hoër Volkskool mag deelneem;
- □ nie aan die Huissport mag deelneem nie;
- □ by die skool onder toesig bly tot 13:45;
- □ deur die skool vervoer word na Hoër Volkskool as 'n atleet.

Ek/Ons sal die kind/ers weer om 17:30 by Hoër Volkskool se velde kom afhaal.

HANDTEKENING VAN OUER: KONTAKNOMMER